



## PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. Geref. KERK IN SUID-AFRIKA (PPF)



# Die In-Fonds Lewende Annuïteit opsie



### BELANGRIKE INLIGTING

- ✓ Die fondsreëls laat nou toe dat jy pensioen kan trek uit die fonds. Hierdie pensioen is 'n **lewende annuïteit**, en nie 'n gewaarborgde pensioen nie.
- ✓ Die inkomstevlak wat jy kan ontvang uit hierdie fondspensioen is buigsaam en jy kan die vlak jaarliks bepaal deur 'n onttrekkingskoers vas te stel. Dit is egter belangrik dat jy bewus is van die moontlikheid dat jou fondswaarde uitgeput kan word indien jou onttrekkingskoers te hoog is.
- ✓ Wetgewing bepaal dat jou onttrekkingskoers tussen die regulatoriese perke van **2,5%** en **17,5%** van jou fondswaarde per jaar moet wees.
- ✓ 'n Lewende annuïteit laat jou toe om jou oorblywende fondswaarde aan jou begunstigdes, byvoorbeeld gesinslede, na te laat wanneer jy sterf.
- ✓ Die lewende annuïteitsopsie is slegs geskik indien jy 'n voldoende fondswaarde het om effektief te kan belê.
- ✓ Die bepalings en voorwaardes van die in-fonds lewende annuïteit mag van tyd tot tyd verander afhangend van wysigings tot wetgewing.

### Wat is 'n lewende annuïteit?

'n Lewende annuïteit is 'n tipe pensioen wat soos volg werk: Jou fondswaarde tydens aftrede word in beleggingsmarkte belê met die doel om 'n inkomste aan jou te betaal. Jaarliks kies jy self die inkomste wat jy wil ontvang deur 'n onttrekkingskoers te bepaal, binne die regulatoriese perke van **2,5%** en **17,5%**. Jy kies self waar die geld belê word, anders as met 'n gewaarborgde pensioen. Gedurende jou leeftyd het jy nie toegang tot jou fondswaarde anders as die maandelikse pensioen wat jy ontvang nie. Enige oorblywende fondswaarde op sterfte word oorbetaal aan jou begunstigdes.



'n Sleutelverskil tussen 'n **GEWAARBORGDE PENSIOEN** en 'n **LEWENDE ANNUÏTEIT** is dat, in ruil vir die buigsaamheid inherent tot die lewende annuïteitstruktuur, jy self die risiko dra dat jy jou fondswaarde kan oorleef indien beleggingsopbrengste swak is en / of jou onttrekkingskoers te hoog is. Met 'n gewaarborgde pensioen betaal die versekeraar die pensioen totdat jy sterf, maar geen kapitaal word nagelaat vir begunstigdes indien jy vroeg sterf nie.



## NOTA

Die belangrikste voordeel daarvan om pensioen uit die fonds te ontvang, is die lae beleggingsfooie relatief tot die individuele mark. Danksy die skaalvoordele binne 'n pensioenfonds is beleggingsfooie oor die algemeen baie laer as in die individuele mark. Laer beleggingsfooie beteken dat jy 'n hoër inkomste kan onttrek en / of voordeel kan put uit hoër beleggingsopbrengste. Dieselfde beginsel geld vir adviesfooie.



## Wat is die verskil tussen 'n lewende annuïteit wat binne die fonds gebied word, en een deur 'n versekeraar buite die fonds?

1

'n Lewende annuïteit buite die fonds word by 'n versekeraar in jou eie naam aangekoop. Die trustees van die pensioenfonds het dus nie oorsig of enige pligte teenoor jou nadat jy die fonds verlaat nie.

2

Die in-fonds lewende annuïteit is dieselfde as 'n lewende annuïteit buite die fonds, behalwe dat jou fondswaarde steeds in die fonds se beleggingsportefeuljes belê word, en jy steeds 'n lid van die fonds bly. Jy trek ook voordeel uit laer beleggingsfooie wat vloei uit die ekonomie van skaal binne die pensioenfonds.

3

Met 'n in-fonds lewende annuïteit het die trustees steeds verantwoordelikhede en pligte soos uiteengesit in die Wet op Pensioenfondse en die fondsreëls.

4

Die in-fonds lewende annuïteit moet voldoen aan die vereistes van Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse, wat nie 'n vereiste is by lewende annuïteite wat by versekeraars aangekoop word nie.

## Wie kan die in-fonds lewende annuïteitsopsie uitoefen?

- Jy - wanneer jy aftree by jou werkgever
- Jy - as jy besluit het om jou aftrede uit die fonds uit te stel toe jy afgetree het by jou werkgever
- 'n Kwalifiserende gade wanneer jy sterf

## Risiko's verbonde aan 'n lewende annuïteit

- Beleggingsrisiko
- Inflasierisiko
- Dat jy langer lewe as verwag

As gevolg van hierdie risiko's mag jy in die toekoms 'n laer inkomste ontvang as waarvoor jy beplan. Jy mag ook jou fondswaarde uitput en geen verdere inkomste ontvang nie. Aftreebesluite is kompleks en het in die meeste gevalle gevolge op die lang termyn. Om 'n pensioen te kies is 'n uiters belangrike lewensbesluit en jy word aangemoedig om advies by 'n geakkrediteerde finansiële adviseur in te win.

## Die eerste maandelikse pensioenbetaling

Jy kan die eerste maandelikse pensioenbetaling aan die einde van die eerste maand na jou aftrede verwag. Dit beteken dat, as jy op 31 Desember aftree, jy jou eerste pensioen op 25 Januarie kan verwag. Dit is onderhewig aan die indiening van alle dokumente en Suid-Afrikaanse Inkomstediens vereistes. Indien die betaling nie aan die einde van die eerste maand na aftrede kan plaasvind nie, sal die eerste betaling wat wel gemaak word die agterstallige paaiement insluit.



## Beleggingsopsies

Die beleggingsportefeuljes wat beskikbaar was toe jy 'n bydraende lid van die fonds was, is steeds beskikbaar as jy binne die fonds sou aftree. Hierdie portefeuljes is soos volg:

- Langtermynportefeulje
- Konserwatiewe portefeulje
- Inkomstebeskerminingsportefeulje

Jy kan op enige stadium 'n deel van of jou volle fondswaarde van een portefeulje na 'n ander skuif. Jy sal jaarliks een skuif kosteloos kan maak. Daarna sal jy R402,50 per skuif betaal, met die koste wat van jou fondswaarde verhaal word. Die fonds beveel aan dat jy finansiële advies van 'n geakkrediteerde finansiële adviseur inwin alvorens jy enige skuiwe maak.

## Advies

Alle besluite wat jy ten opsigte van jou aftrede maak, speel 'n rol in jou langtermyn finansiële sekuriteit. Raadpleeg 'n finansiële adviseur voor jy enige besluite rondom jou pensioen vir aftrede maak. As jy 'n onttrekkingsvlak kies wat hoër is as die koerse wat deur die trustees voorgestel word, of indien jy wil afwyk van die verstek beleggingsmodel, word jy sterk aanbeveel om 'n adviseur te raadpleeg. Die fonds het 'n paneel van adviesfirmas wat jou teen 'n vaste fooi kan bystaan met sulke advies. Kontak die pensioenkantoor vir besonderhede.

## Belasting

Die fonds verskaf nie individuele belasting- of finansiële beplanningsadvies nie. Raadpleeg 'n finansiële adviseur vir advies.

## Indien jy die opsie van 'n lewende annuïteit binne die fonds wil uitoefen

- Stel die fonds in kennis deur die betrokke keuse op die aftreevorm te merk. Die aftreevorm sal jou keuse ten opsigte van jou onttrekkingskoers uiteensit.
- Sorg dat jou kontakbesonderhede deurgaans op datum gehou word sodat die fonds betroubaar kontak kan hou met jou.
- Die fonds sal 'n pensioentrekkerkaart aan jou verskaf. Terselfdertyd sal jy versoek word om 'n vrywaringsvorm, waarin jy bevestig dat jy die keuse wat jy uitoefen verstaan, te voltooi en te teken.
- Jy sal jaarliks 'n voordeelstaat en 'n trusteeverslag ontvang. Jy sal ook jaarliks versoek word om jou inkomstevlak te hersien.
- Jy kan voor jou aftreedatum fondswaardes uit ander aftreefondse en uit bewaringsfondse konsolideer in die pensioenfonds. Na aftrede kan daar nie binne die pensioenfonds verdere konsolidasie plaasvind nie.
- Jy kan nie, met die uitsondering van die enkelbedrag tydens aftrede en jou gereelde maandelikse pensioen, verdere onttrekkings uit jou fondswaarde maak na aftrede nie. Indien jou fondswaarde minder is as die geregleerde minimum bedrag wat deur die Minister van Finansies in die Staatskoerant gepubliseer word, kan jy die volle fondswaarde in kontant neem.
- Wetgewing laat die fonds nie toe om pensioen aan enige ander persoon as die lid te betaal nie. Jy kan nie jou regte oordra na 'n ander individu of entiteit nie, en krediteure kan nie op jou fondswaarde beslag lê indien daar 'n beslagleggings- of ander kredietgekoppelde bevel teen jou uitgereik word nie.
- Jy kan jou fondswaarde op enige tyd oordra na 'n gewaarborgde pensioen buite die fonds, of na 'n lewende annuïteit by 'n versekeraar buite die fonds. Hierdie opsie sal te alle tye onderworpe wees aan wetgewing en die bepalinge van die fondsreëls.





**Maak seker dat jy die benoeming van begunstigdes en afhanklikes voltooi het.**

Dit is uiters belangrik dat jy hierdie inligting verskaf, aangesien die fonds nie enige vorm wat jy voor aftrede voltooi het, sal hou nie.

## Wanneer jy te sterwe kom

Indien jy sou sterf terwyl jy in ontvangs is van 'n maandelikse pensioen uit 'n IFLA, sal jou fondswaarde op die datum van jou sterfte oordra na jou kwalifiserende gade, soos gedefinieer in die fondsreëls. In terme van hierdie definisie erken die trustee 'n huwelik tussen jou en 'n kwalifiserende gade as een wat ook onder Suid-Afrikaanse wetgewing as 'n huwelik erken word.

Indien daar nie 'n kwalifiserende gade is nie, of as die kwalifiserende gade wat 'n lewende annuïteit uit die fonds ontvang sou sterf, sal die bepaling van Artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse geld. In terme van hierdie wetgewing, sal die trustee 'n ondersoek doen om vas te stel wat die finansiële afhanklikheid van familieledes en ander persone van jou is, en 'n verdeling maak in terme van die resultaat van hul ondersoek. Hierdie verdeling sal nie noodwendig jou wense, soos uiteengesit in die benoeming van begunstigdes en afhanklike vorm nakom nie, maar die trustee sal daardie wense in ag neem in hul verdeling.

Begunstigdes wat deur die trustee geïdentifiseer word, sal een van die volgende opsies kan uitoefen:

- 'n Lewende annuïteit uit die fonds te trek
- Pensioen by 'n versekeraar aan te koop, binne wetlike bepalinge
- 'n Deel of die volle bedrag in kontant neem, binne wetlike bepalinge

Wanneer daar geen afhanklikes in die ondersoek deur die trustee geïdentifiseer word nie, en daar nie 'n geldige nominasievorm bestaan nie, sal die balans aan die boedel oorbetal word.

## Kostes

Beleggingsfooie - hierdie fooie is betaalbaar aan die verskeie beleggingsbestuurders wat jou fondswaarde in die fonds se portefeuljies bestuur. Hierdie fooie word vooraf by die beleggingsbestuurders gehef en betaal, en verminder die opbrengs wat op jou fondswaarde verdien word. **Jy sal dus nie 'n eksplisiete aftrekking hiervoor sien nie.** 'n Beraming van die fooie per portefeulje word in die laaste afdeling van hierdie dokument gegee.

Adviesfooie - die fonds het 'n paneel van goedgekeurde adviseurs wat advies teen 'n ooreengekome fooi verskaf. Besonderhede van hierdie adviseurs en hul fooie kan by die Pensioenkantoor gekry word. Die fooie betaalbaar aan hierdie goedgekeurde adviseurs sal teen jou fondswaarde gehef word. Indien jy van 'n ander adviseur gebruik maak, sal die adviesfooie betaalbaar aan daardie adviseur deur jou persoonlik betaal moet word.

Administrasiefooie - 'n aanvangsfooie van R1 037.45 sal teen jou fondswaarde gehef word deur die fondsadministrateur vir die opstel van jou fondsrekord as lewende annuïteit. Daarna sal 'n maandelikse fooie van ongeveer R215 teen jou fondswaarde gehef word vir die byhou van jou rekord, die administrasie van jou pensioenbetaling, en die fooie wat oorhoofs deur die fonds bepaal word.

Spesiale fooie: Indien jy sou besluit om jou fondswaarde na 'n gewaarborgde pensioen of 'n lewende annuïteit by 'n versekeraar oor te dra, sal 'n eenmalige fooie van R2 230 teen jou fondswaarde gehef word. Indien jy meer as een beleggingskuif in 'n jaar maak, sal daar 'n fooie van R402,50 per kuif teen jou fondswaarde gehef word.

Sterftefooie: die koste van 'n ondersoek sal deur middel van 'n eenmalige fooie van R4 540 teen jou fondswaarde gehef word.

Hierdie fooie sal jaarliks hersien word.



## Die geskatte beleggingsfooie per portefeulje is soos volg:

### LANGTERMYN

0,80% van fondswaarde insluitend prestasiefooie

### KONSERWATIEF

0,60% van fondswaarde insluitend prestasiefooie

### INKOMSTEBESKERMING

0,20% van fondswaarde insluitend prestasiefooie